

Donderdag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8

Fokusgedeelte: Handeling 1:5

Jy is met die Heilige Gees gedoop

Daar is gelowiges wat verkondig dat die doop met die Gees 'n tweede ontvangs van die Heilige Gees in 'n latere stadium van jou geloofslewe is. Dit gebeur gewoonlik by wyse van 'n ekstatiëse ervaring. Volgens hierdie opvatting kan jy dus jare lank 'n gelowige wees, iemand wat wedergebore is en bely dat Christus jou Verlosser is, terwyl jy nog nie die “doop met die Gees” ontvang het nie. Die hoogste bewys dat jy die doop met die Gees ontvang het, is die verskynsel van die spreek in tale. So onderskei hulle tussen twee groepe gelowiges in die kerk: die sogenaamde ingewydes wat reeds die “doop met” of die “volle inwoning” van die Gees ontvang het, en dié wat dit nog nie ontvang het nie en nog op 'n laer vlak van geloofslewe verkeer.

Is dit wat die Skrif ons leer? Die uitdrukking “doop met die Gees” kom inderdaad sewe keer in die Nuwe Testament voor (Matt. 3:11; Mark. 1:8; Luk. 3:6; Joh. 1:33; Hand. 1:5; 11:16; en 1 Kor. 12:13). Christus se belofte van die doop met die Gees hier in Handeling 1:5 wys egter duidelik heen na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag (soos ook die ander tekste hierbo genoem). Dit is 'n eenmalige, onherhaalbare heilsgebeurtenis. In Handeling 2:1-3 word die doop met die Heilige Gees vir ons beskryf. Terwyl die tekens van die geluid van wind en die sigbare tonge van vuur gekom het, is hulle met die Heilige Gees gedoop. Om met die Heilige Gees gedoop te wees, beteken niks anders nie as die eerste en onherhaalbare ontvangs van die Heilige Gees deur gelowiges, wanneer die wedergeboorte, geloof en bekering gewerk word. Dit is daardie eerste gebeurtenis waar die Heilige Gees in ons kom woning maak. Die Skrif leer dat elke gelowige wat Jesus Christus as Verlosser bely, aan die volle inwoning en werking van die Heilige Gees deel het (1 Kor. 12:3). Ons kan dus met sekerheid weet dat ons met die Gees gedoop is. Ons is onder sy krag en heerskappy geplaas. Hy rig ons denke, stuur ons begeertes na wat goed en loflik is. Hy maak dit wat Christus vir sy volk bereik het, vir ons 'n lewende werklikheid.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)